Sedert 1921

Wees jouself

# Laerskool Jan van Riebeeck

*Adres* | Kloofstraat 52, Kaapstad, 8001
*Webtuiste* | laerskooljanvanriebeeck.co.za
*E-pos* | ontvangs@jvrprim.co.za
*Tel* | 021 423 4209

## KLEREDRAGBELEID - LEERDERS

Die skool is trots op sy pragtige skooldrag daarom word dit as ‘n absolute vereiste gestel dat leerders te alle tye netjies en korrek geklee moet wees. Om die korrekte skooldrag te dra, is een manier waarop ons leerders eenvormig ons skoolwaardes kan uitleef.

Die voorgeskrewe skooldrag moet gedurende skoolure én ander skoolaktiwiteite soos wat die beheerliggaam bepaal, gedra word.  Skooldrag moet altyd skoon en netjies wees. Alle skoolklere moet gemerk wees. Indien die leerder se klere gemerk is en by die verlore goedere opeindig, sal die verlore goedere komitee hul bes probeer om dit by die korrekte leerder terug te besorg.

Geen formele tye vir die dra van winters- en somersdrag word vasgestel nie. Ons implementeer ‘n gemaklike, moderne beleid waartydens leerders en hul ouers self kan besluit of dit warm of koud op die bepaalde dag is. Dis belangrik dat die korrekte skooldrag in die regte kombinasie vir die spesifieke dag gedra moet word.

Kleredragreëls sal streng toegepas word. Vir enige afwykings moet die skoolhoof skriftelik in kennis gestel word.

### FORMELEDRAG - MEISIES

Leerders mag slegs effekleurige, wit onderhemde en onderklere wat onder geen omstandighede sigbaar mag wees nie, dra.

Warmdae:

Grondslagfase (graad 1 – 3):

- Wit en blou kortmouhemp (met of sonder moue)
- Donkerblou skort of sportbroekie
- Kaalvoete, donkerblou plakkies of wit sokkies met tekkies

Intersenfase (graad 4 – 7):

- Wit en blou kortmouhemp (met of sonder moue); graad 7-hempie
- Geruite rompie of donkerblou, formele kortbroek
- Kaalvoete, donkerblou plakkies of wit sokkies met swart skoolskoene
- *Sport- en formele drag word nie gekombineer nie.

© 2026 deur Laerskool Jan van Riebeeck gelisensieër onder CC BY-NC-SA 4.0

wees jouself

Kouedae:

Grondslagfase (graad 1 – 3):

- Wit en blou kortmouhemp (met of sonder moue) of langmouhemp.
- Sweetpaktop en -broek (primêre kouedag uitrusting).
- *Soft shell*-baadjie – slegs om addisionele hitte te verseker. Mag nie alleen sonder sweetpaktop gedra word nie.
- Reënbaadjies mag gedra word.
- Kaalvoete, donkerblou plakkies of wit sokkies met tekkies.
- Musse en serpe word glad nie tydens skooltyd toegelaat nie.

Intersenfase (graad 4 – 7):

- Wit en blou kortmouhemp (met of sonder moue); graad 7-hempie of langmouhemp.
- Geruite rompie of donkerblou, formele langbroek. (Wanneer formele donkerblou langbroek gedra word, moet die donkerblou kouse met wit strepies saam met swart skoolskoene gedra word.)
- Kaalvoete, donkerblou plakkies of donkerblou knie kouse met wit strepies en swart skoolskoene of swart lang sykouse met swart skoolskoene.
- *Soft shell*-baadjie (dien as netjiese baadjie).
- Reënbaadjies mag gedra word addisioneel tot *soft shell*-baadjie.
- Musse en serpe word glad nie tydens skooltyd toegelaat nie.
- *Sport- en formele drag word nie gekombineer nie.

Hare:

- Alle haarbykomstighede is donkerblou. Daar is wel 'n haarlint - oranje met donkerblou strepies – by die klerebank beskikbaar. Hierdie haarlint mag slegs in graad 1 – 3 en op sportdae gedra word aangesien ons poog om slegs donkerblou en wit; donkerblou en oranje as kombinasies te dra. Dis die enigste haarversiering wat oranje mag wees.
- Hare wat aan die kraag van die hemp raak, moet netjies vasgemaak word.
- Geen uitspattige haarstyle nie bv. 'n '*under cut*'
- Hare mag nie gekleur word nie.

Naels:

- Netjies kort gesny en skoon. Naels mag nie aan agterkant van vingers uitsteek as na die palm gekyk word nie.
- Geen naellak mag gedra word nie.

Juweliersware:

- Polshorlosie is toelaatbaar.
- Geen kettings of bandjies om pols of nek nie.
- Geen ringe nie.
- Die dra van liggaamsjuweliersware bv neus-, tong- en wenkbroujuweliersware, is verbode. Wat oorringe vir dogters betref, mag slegs een goue of silwer knoppie of standaard- goue of silwer ringetjie per oor gedra word, en wel in die onderste gaatjie indien daar meer as een is.
- Geen steentjies of patroontjies van enige aard word toegelaat nie.

© 2026 deur Laerskool Jan van Riebeeck gelisensieër onder CC BY-NC-SA 4.0

wees jouself

FORMELEDRAG - SEUNS

Leerders mag slegs effekleurige, wit onderhemde wat onder geen omstandighede sigbaar mag wees nie, dra.

Warmdae:

Grondslagfase (graad 1 – 3):

- Wit en blou kortmouhemp (met moue)
- Donkerblou sportbroekie
- Kaalvoete, donkerblou plakkies of wit sokkies met tekkies

Intersenfase (graad 4 – 7):

- Wit en blou kortmouhemp (met moue); graad 7-hempie
- Donkerblou formele kortbroek
- Kaalvoete, donkerblou plakkies of donkerblou kouse met wit strepies en swart skoolskoene
- *Sport- en formele drag word nie gekombineer nie.

Kouedae:

Grondslagfase (graad 1 – 3):

- Wit en blou kortmouhemp (met moue) of langmouhemp
- Sweetpaktop en -broek (primêre kouedag uitrusting)
- *Soft shell*-baadjie – slegs om addisionele hitte te verseker. Mag nie alleen sonder sweetpaktop gedra word nie
- Kaalvoete, donkerblou plakkies of wit sokkies met tekkies
- Reënbaadjies mag gedra word.
- Musse en serpe word glad nie tydens skooltyd toegelaat nie.

Intersenfase (graad 4 – 7):

- Wit en blou kortmouhemp (met moue); graad 7-hempie of langmouhemp.
- Beige formele langbroek (Let wel: wanneer die beige langbroek gedra word, moet die donkerblou kouse met wit strepies saam met skoolskoene gedra word.)
- Kaalvoete, donkerblou plakkies of donkerblou kouse met wit strepies en swart skoolskoene.
- *Soft shell*-baadjie (opsioneel)
- Reënbaadjie mag gedra word.
- Musse en serpe word glad nie tydens skooltyd toegelaat nie.
- *Sport- en formele drag word nie gekombineer nie.

Hare:

- Hare wat aan die kraag van die hemp raak, moet netjies gesny word.
- Geen uitspattige haarstyle nie bv. 'n '*under cut*', '*modern mullet*', ens.
- Hare mag nie gekleur word nie.

© 2026 deur Laerskool Jan van Riebeeck gelisensieër onder CC BY-NC-SA 4.0

Naels:

- Netjies kort gesny en skoon. Naels mag nie aan agterkant van vingers uitsteek as na die palm gekyk word nie.
- Geen naellak mag gedra word nie.

Juweliersware:

- Polshorlosie is toelaatbaar.
- Geen kettings of bandjies om pols of nek nie.
- Geen ringe nie.
- Die dra van liggaamsjuweliersware bv neus-, tong- en wenkbroujuweliersware, is verbode.

SIVVIEDRAG

Hierdie reëls word neergelê sodat ouers, leerders en onderwysers duidelike riglyne kan hê. Sivvies moet beskou word as 'n voorreg waaraan reëls steeds verbonde is - dit is nie 'n reg nie. Leerders moet trots op hulle voorkoms wees. Klere wat gekies word om tydens sivviedae te dra, moet skoolvanpas wees.

Sivvies mag as vergunning op die leerder se verjaardag gedra word, maar nie op 'n Dinsdag wanneer ons formele saalbyeenkoms plaasvind nie. Sivvies mag dan op 'n ander dag van die week gedra word.

Sivvies vind tradisioneel elke Vrydag aan die einde van 'n maand plaas. Die beheerliggaam kan na goeddunke toestemming verleen dat leerders by sekere geleenthede sivviedrag dra. Sodanige drag moet netjies en welvoeglik wees.

KLEREDRAG - SEUNS

- Hare: Seuns se hare moet te alle tye inpas by die skoolreëls.
- Juweliersware: Dieselfde as skooldragreëls, maar seuns mag 1 armbandjie dra.
- Onderklere: Broeke moet stewig m.b.v. 'n gordel gedra word.
- Naels: Naels moet kort, skoon en netjies wees. Geen naellak mag gedra word nie.
- Grimering: Geen grimering mag gedra word nie.
- *Gebruik asb. eie diskresie of die kleredrag skoolvanpas is.

KLEREDRAG - MEISIES

- Hare: Meisies se hare moet te alle tye vasgebind wees.
- Onderklere: Geen onderklere mag uitsteek of deurskyn nie bv. swart onderklere onder wit T-hemde.
- Juweliersware: Juweliersware (oorbelle, kettings en armbande) mag gedra word, mits dit klein en nie oordadig is nie.
    - Oorbelle: effens groter en dikker as die aanbevole ringetjies wat hulle by hul skoolklere dra mag gedra word. Knoppies met steentjies mag nou gedra word.
    - Kettings en fyn en armbande: 1 tot 2 fyn

© 2026 deur Laerskool Jan van Riebeeck gelisensieër onder CC BY-NC-SA 4.0

- Skoene: Geen hoëhakskoene mag gedra word nie.
- Klere:
  - Meisies mag nie 'n hempie sonder moue/bandjies òf eenskouer hempies dra òf dun bandjies waar onderklere uitsteek nie.
  - T-hemde moet lank genoeg wees sodat die maag nie uitsteek nie.
  - Broeke of rompies moet so gedra word dat die maag nie uitsteek nie.
  - Rokke, rompies of broeke mag nie te kort wees nie – moet steeds gemaklik kan buk. *Gebruik asb. hier eie diskresie of die kleredrag skoolvanpas is.
- Naels :
  - Geen naellak mag gedra word nie.
  - Kleurlose naellak word vir gr. 7-meisies toegelaat.
  - Naels moet skoon, kort en netjies wees.
- Grimering: Geen grimering mag gedra word nie.

## LO-DRAG & SPORTDRAG

Beide LO- en sportdrag mag op 'n Dinsdag gedra word wanneer ons formele saalbyeenkoms plaasvind indien leerders op daardie dag LO het of 'n wedstryd na skool gaan speel.

LO-drag:

- Donkerblou en wit hemde met donkerblou kortbroek (meisies en seuns) of donkerblou skort (meisies) met sweetpak indien dit nodig is.
- Skoene: Leerders mag slegs wit sokkies met tekkies, donkerblou plakkies dra of kaalvoete wees.

SPORTDRAG:

- Afhangend van die onderskeie sportkodes dra die meisies en seuns die sportdrag wat vereis word.
- Geen sporttoerklere mag tydens skooltyd gedra word nie.
- Sportdrag mag slegs gedra word op 1) dae waarop leerders LO het; 2) dae waarop wedstryde gespeel word.
- Dae waarop sportoefeninge plaasvind:
  - Graad 4 tot 7-leerders kom met skoolklere skool toe. Leerders kan tweede pouse hul korrekte sportklere aantrek vir die sportoefening wat direk na skool plaasvind. Hulle moet egter die korrekte sportklere met sokkies en tekkies dra.

Neem asseblief kennis dat die *soft shell*-baadjie wel deel van die LO- en sportdrag vorm. Die *soft shell*-baadjie vorm ook deel van die skool se formele uniform wat meerendeels deur die graad 4 – 7-leerders gedra word aangesien hulle nie soos die graad 1 – 3's 'n sweetpaktop mag dra nie. Sweetpaktop en sweetpakbroek pas by sportdrag. Die graad 1 – 3's mag wel die *soft shell*-baadjie bo-oor hul sweetpaktop dra om addisionele hitte te verseker.

## TASSE

Skooltasse moet verkieslik die JvR-wapen op hê, maar kan ook donkerblou of swart wees. Geen uitspattige kleure of prente word toegelaat nie. Geen tasse mag bekrap word nie.

© 2026 deur Laerskool Jan van Riebeeck gelisensieër onder CC BY-NC-SA 4.0

wees jouself

**<u>KLEREDRAGBELEID - LEERDERS</u>**

**Beleid hersien: Mei 2026**

| | |
|---|---|
| Merwe Scholtz (BR-voorsitter) | |
| Naas Beets (Skoolhoof) | |
| Hugo van den Heever (Ondervoorsitter) | |
| Sybil Müller (Tesourier) | |
| Tiaan Meyer | |
| Stephen Hitchcock | |
| Oloff Sieberhagen | |
| Andri de Villiers | |
| Marinda Brink (Sekretaresse) | |
| Hannes Muller | |

© 2026 deur Laerskool Jan van Riebeeck gelisensieër onder CC BY-NC-SA 4.0